# EIENDOMSKADE

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

1. **Skade aan die hele of 'n deel van die Eiendom** wat in die bylae beskryf word wat aan die Versekerde behoort of waarvoor hy verantwoordelik is as gevolg van die versekerde gevare soos hieronder weergegee, maar slegs indien sodanige gevare in die bylae as ingesluit vermeld is.
2. **Aanspreeklikheid**: Skade waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van die toevallige dood of liggaamlike besering van of siekte van enige persoon (hierna genoem Besering) of toevallige verlies van of fisiese skade aan tasbare eiendom (hierna genoem Skade) wat plaasvind gedurende die versekeringstydperk in, op of rondom die versekerde Eiendom en wat voortspruit uit die Versekerde se eienaarskap daarvan.

## OMSKRYWINGS

**Eiendom**: Tensy andersins ooreengekom en in die bylae aangeteken, is beperk tot:

1. Geboue met inbegrip van alle buitegeboue daarvan gebou van steen, klip, beton of metaal op metaalraamwerk met leiklip-, teël-, metaal-, beton- of asbesdakke;
2. Motorafdakke wat gebou is van steen, klip, beton of metaal op metaalraamwerk met leiklip-, teël-, metaal-, beton- of asbesdakke;
3. Sport- en ontspanningstrukture;
4. Die eienaar of die verhuurder se los en vaste toebehore wat vas is aan die eiendom soos omskryf in 1, 2 en 3 hierbo terwyl daarin en daarop;
5. Mure (behalwe dammure), hekke, hekmotors, hek- en heiningpale, heinings, watertenks en septiese tenks;
6. Beton, geteerde, klip-bedekte (maar nie gruisklip nie) of plaveide oppervlaktes, maar beperk tot paaie, opritte, parkeerareas en voetpaaie;
7. Die eienaar of verhuurder se los en vaste toebehore wat vas is aan die eiendom soos omskryf in 5 en 6 hierbo;
8. Inhoud van die geboue (insluitende alle buitegeboue daartoe) soos uiteengesit in punt 1 hierbo terwyl in sodanige geboue geleë soos in die bylae vermeld, maar uitgesluit geld en seëls;
9. Toerusting en masjinerie wat betrekking het op en verband hou met die eiendom wat omskryf word in punte 1, 2 en 3.

## VERSEKERDE GEVARE (maar slegs daardie gevare wat in die bylae as “ingesluit” vermeld is)

**Nota:** Sommige versekerde gevare sal oor hulle eie spesifieke versekerde bedrae beskik wat in die bylae vermeld word, in welke geval sodanige gevare onderhewig is aan sodanige vermelde versekerde bedrag. Ander versekerde gevare sal nie oor hulle eie spesifieke versekerde bedrae vermeld in die bylae beskik nie, in welke geval sodanige versekerde gevare onderhewig sal wees aan die versekerde bedrag van die item waarop dit van toepassing is in die bylae.

**Brand** insluitende skade veroorsaak deur rook wat regstreeks voortspruit uit sodanige brand;

**Weerlig of donderslag** insluitende skade veroorsaak deur kragstuwings wat regstreeks voortspruit uit sodanige weerligslae;

**Ontploffing;**

**Aardbewing** hetsy dit voortspruit uit mynboubedrywighede óf andersins en insluitende skade veroorsaak deur vloedgolwe of tsoenami’s wat regstreeks uit sodanige aardbewing voortspruit.

**Weer en water.** Vir die doeleindes van hierdie gevaar sal weerskade beteken skade veroorsaak deur storm,

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

wind, water, hael of sneeu. Hierdie gevaar dek nie:

1. verlies of skade aan Eiendom wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;
2. verlies of skade aan Eiendom veroorsaak deur vloedgolf of tsoenami wat ontstaan as gevolg van 'n aardbewing;
3. verlies of skade aan Eiendom wat keermure is tensy so beskryf en spesifiek as 'n afsonderlike item in die bylae verseker word;
4. slytasie of geleidelikwerkende agteruitgang;
5. verlies of skade aan Eiendom veroorsaak of vererger deur insakking of grondverskuiwing;
6. verlies of skade aan Eiendom veroorsaak of vererger deur die Versekerde se versuim om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref vir dieinstandhouding en veiligheid van die versekerde Eiendom en om enige skade tot ’n minimum te beperk;
7. verlies of skade aan enige struktuur wat nie geheel en al onderdak is nie tensy so omskryf en spesifiek as ‘n aparte item verseker;
8. verlies of skade aan Eiendom in die ope (behalwe aan geboue, strukture of toerusting wat ontwerp is om die ope te bestaan of werk) tensy so omskryf en spesifiek as ‘n aparte item verseker.

**Impak.** Vir die doeleindes van hierdie gevaar sal impak beteken impak deur:

1. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word (insluitende soniese skokgolwe of enige ander skade veroorsaakdeur lugvaartuie);
2. rotse, klippe of rotsblokke (behalwe impak veroorsaak deur grondverskuiwing, die opsetlike of voorbedagte of moedswillige dade van enige persoon wat gepleeg word met die bedoeling om sodanige skade aan te rig of impak deur meteoriete, astroïede of soortgelyke liggame wat die aarde se atmosfeerbinnekom);
3. diere, bome, antennas, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennas, satellietskottels of voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

**Kwaadwillige beskadiging.** Vir die doeleindes van hierdie gevaar sal kwaadwillige beskadiging beteken skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan:

1. roerende Eiendom wat
   1.1 gesteel word;
   1.2 beskadig word in ‘n poging om dit of ‘n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word;
2. roerende of onroerende Eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of gepoog word om in of uit te breek;
3. onroerende Eiendom wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:
   3.1 die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe van; of
   3.2 die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe van

   die vermelde onroerende Eiendom of enige gedeelte daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel.

Met dien verstande dat hierdie gevaar nie die volgende dek nie:

1. skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;
2. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;
3. skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;
4. skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deurenige wettig ingestelde owerheid;
5. skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsluiting 1 (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of

   (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings 1 tot 5 hierbo beweer dat hierdie gevaar nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Vir interne makelaargebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Gedurende die aanvanklike 30 dae tydperk van onbewoning, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae teenoor "Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van 30 dae)" aangedui is indien enige versekerde geboue of gebou(e) wat die versekerde Eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae of meer onbewoon gelaat word.

Indien die tydperk van onbewoning 30 opeenvolgende dae oorskry, word die versekering ingevolge hierdie gevaar opgeskort vanaf dag 31 ten opsigte van die geraakte Eiendom, tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige kwaadwillige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van versekering in terme van hierdie gevaar. Enige uitbreiding van dekking en die bepalings sal geheel en al na goeddunke van die Maatskappy wees. Indien die Maatskappy sodanige skriftelike toestemming verskaf om die opskorting van dekking tersyde te stel, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos aangedui in die bylae teenoor "Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van meer as 30 dae)" vir enige verlies wat plaasvind gedurende enige ooreengekome verlengde tydperk.

**Diefstal (kragdadige en gewelddadige toegang tot of verlating van).** Diefstal (of enige poging daartoe) van die gebou se los en vaste toebehore wat binne-in die geboue of buitegeboue gehou word soos omskryf in punt 1 van die omskrywing van Eiendom op voorwaarde dat sodanige diefstal gepaardgaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige geboue.

Hierdie gevaar sluit skade in aan:

1. sodanige geboue volgende op die kragdadige en gewelddadige toegang of verlating;
2. die eiendom omskryf in punt 5 van die omskrywing van Eiendom, veroorsaak onderwyl daar eerstens toegang verkry is tot die perseel voor daar ingebreek is by die versekerde geboue of onderwyl dit na die tyd verlaat word.

Gedurende die aanvanklike 30 dae tydperk van onbewoning, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae teenoor "Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van 30 dae)" aangedui is indien enige versekerde geboue of gebou(e) wat die versekerde Eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae of meer onbewoon gelaat word.

Indien die tydperk van onbewoning 30 opeenvolgende dae oorskry, word die versekering ingevolge hierdie gevaar opgeskort vanaf dag 31 ten opsigte van die geraakte Eiendom, tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige kwaadwillige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van versekering in terme van hierdie gevaar. Enige uitbreiding van dekking en die bepalings sal geheel en al na goeddunke van die Maatskappy wees. Indien die Maatskappy sodanige skriftelike toestemming verskaf om die opskorting van dekking tersyde te stel, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos aangedui in die bylae teenoor "Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van meer as 30 dae)" vir enige verlies wat plaasvind gedurende enige ooreengekome verlengde tydperk.

**Toevallige Skade - Sanitêre ware.** Toevallige skade aan sanitêre ware van die versekerde geboue insluitend, maar nie beperk nie, tot baddens, wasbakke, opwasbakke, toiletpanne, spoelbakke, staanders en spatplate.

**Insakking en grondverskuiwing.** Indien die tipe dekking in die bylae teenoor hierdie gevaar as **"uitgebrei"** aangedui is, is die volgende nie by hierdie gevaar ingesluit nie:

1. skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, hekke, pale of heinings, tensy dit as 'n aparte item in die bylae verseker is, wat aandui dat hierdie gevaar ingesluit is;
2. skade wat veroorsaak word deur of toeskryfbaar is aan foutiewe ontwerp of konstruksie van, of die verwydering of verswakking van die stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is;
3. skade wat veroorsaak word deur of toeskryfbaar is aan werksmense wat besig is met enige strukturele verbouings, toevoegings of herstelwerk aan enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is;
4. skade wat veroorsaak word deur of toeskryfbaar is aan uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede;
5. gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker is.

Indien die tipe dekking in die bylae teenoor hierdie gevaar as **"beperk"** aangedui is, dan sluit hierdie gevaar bykomend tot punte 1 tot 5 ook nie die volgende in nie:

6. skade aan skermmure, opritte, plaveisel, omliggende swembadarea en tennisbane;
7. skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan saamtrekking/inkrimping en/of die uitsetting van grond

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

veroorsaak deur die vogtigheid/ klammigheid of voginhoud van sodanige grond soos ondervind in klei en ander soortgelyke grondtipes;
8. skade veroorsaak deur of wat toeskryfbaar is aan onvoldoende kompaktering van vulgrond.

Indien die Maatskappy in enige geregtelike aksie, geding of ander verrigting beweer dat skade uit hoofde van uitsluitings 1 tot 8 nie deur hierdie gevaar gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

**Kragstuwing** met dien verstande dat hierdie gevaar nie kragstuwings dek wat direk uit weerlig voortspruit nie.

**Oproer en staking (behalwe RSA en Namibië).** Vir die doeleindes van hierdie gevaar sal oproer en staking beteken skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

1. burgerlike onrus, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie gevaar nie die volgende dek nie:

1. verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;
2. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;
3. verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige prosesof werksaamheid;
4. verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering ofrekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;
5. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsluiting 1 (A) (ii), (iii), (iv),
(v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings 1 tot 5 hierbo beweer dat hierdie gevaar nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

**Diefstal van verhuurder se los en vaste toebehore** wat die eiendom is soos omskryf in punte 4 en 7 van die omskrywing van Eiendom.

Hierdie gevaar sluit verder skade in aan die eiendom soos omskryf ingevolge punte 1, 2, 3, 5 en 6 van die omskrywing van Eiendom veroorsaak:

1. onderwyl daar eerstens toegang verkry word tot die perseel, geboue of strukture gedurende sodanige diefstal of onderwyl dit na dietyd verlaat word;
2. in die proses van die losmaak of verwydering van die genoemde los en vaste toebehore van die Eiendom waaraan dit vas was.

Gedurende die aanvanklike 30 dae tydperk van onbewoning, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae teenoor “Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van 30 dae)” aangedui is indien enige versekerde geboue of gebou(e) wat die versekerde Eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae of meer onbewoon gelaat word.

Indien die tydperk van onbewoning 30 opeenvolgende dae oorskry, word die versekering ingevolge hierdie gevaar opgeskort vanaf dag 31 ten opsigte van die geraakte Eiendom, tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige kwaadwillige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van versekering in terme van hierdie gevaar. Enige uitbreiding van dekking en die bepalings sal geheel en al na goeddunke van die Maatskappy wees. Indien die Maatskappy sodanige skriftelike toestemming verskaf om die opskorting van dekking tersyde te stel, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos aangedui in die bylae teenoor “Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van meer as 30 dae)” vir enige verlies wat plaasvind gedurende enige ooreengekome verlengde tydperk.

**Toevallige Skade – Geboue.** Toevallige skade aan geboue, maar uitgesluit verlies, vernietiging of skade veroorsaak deur of as gevolg van:

1. slytasie;
2. waardevermindering;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

3. elektriese of meganiese onklaarraking;
4. roes, muf, motte, ongediertes of insekte;
5. krap, induiking of afskilfering;
6. die Versekerde se eie huistroeteldiere;
7. enige geleidelikwerkende oorsaak;
8. enige kleur-, skoonmaak- of opknappingsproses;
9. die werking van lig of atmosferiese toestande;
10. terughouding of konfiskering deur enige regsproses.

**Toevallige skade – Glas.** Toevallige breekskade van:

1. glas in vensters, dakvensters, deure, waaierligte en verandas;
2. spieëlglas

wat deel uitmaak van die vaste dele van die versekerde gebou(e).

**Toevallige skade – Glas van stowe en oonde.** Toevallige skade aan glas wat deel uitmaak van enige stoof of oond wat ingeboude vaste toebehore van die versekerde geboue uitmaak.

**Toevallige skade – Huishoudelike goedere en toestelle.** Toevallige skade aan huishoudelike elektriese en gas toestelle, met inbegrip van lugversorgingseenhede, diefalarms en ingeboude stowe.

**Toevallige skade – Masjinerie.** Skielike en onvoorsiene toevallige skade aan die masjinerie van swembaddens, Jacuzzi's, boorgate (uitgesluit windpompe), saunas, sprinkel besproeiingstelsels, elektriese hekke en motorhuisdeure, maar uitgesluit skade veroorsaak deur of wat voortspruit uit slytasie of geleidelike agteruitgang.

**Toevallige skade - Antennas, maste en satellietskottels.** Toevallige skade aan antennas, maste (insluitende weerligmaste) en satellietskottels.

**Visvoorraadbesmetting.** Die omskrywing van eiendom word uitgebrei om visvoorraad in te sluit en die Maatskappy sal betaal vir die vrekte van sodanige visvoorraad (behalwe Koi) in die Versekerde se damme na waterbesoedeling of besmetting deur chemikalieë of afval.

**Skade aan geboue wat nie op hierdie polis verseker is nie (volgende op diefstal van inhoud).** Indien daar skade aan die geboue is (insluitend die verhuurder se los en vaste toebehore daarin en daarop) soos in die bylae vermeld wat veroorsaak is deur of wat voortspruit uit diefstal of enige poging daartoe van inhoud (soos omskryf ingevolge die versekerde gevaar: "Diefstal van inhoud (kragdadige en gewelddadige toegang tot of verlating van") hieronder) en sodanige geboue is nie ingevolge hierdie polis verseker nie, sal die Maatskappy betaal vir sodanige skade tot en met die versekerde bedrag, met dien verstande dat sodanige diefstal of poging tot diefstal gepaardgaan met werklike kragdadige en gewelddadige betreding tot en verlating van die gebou.

Gedurende die aanvanklike 30 dae tydperk van onbewoning, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae teenoor "Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van 30 dae)" aangedui is indien enige versekerde geboue of gebou(e) wat die versekerde Eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae of meer onbewoon gelaat word.

Indien die tydperk van onbewoning 30 opeenvolgende dae oorskry, word die versekering ingevolge hierdie gevaar opgeskort vanaf dag 31 ten opsigte van die geraakte Eiendom, tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige kwaadwillige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van versekering in terme van hierdie gevaar. Enige uitbreiding van dekking en die bepalings sal geheel en al na goeddunke van die Maatskappy wees. Indien die Maatskappy sodanige skriftelike toestemming verskaf om die opskorting van dekking tersyde te stel, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos aangedui in die bylae teenoor "Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van meer as 30 dae)" vir enige verlies wat plaasvind gedurende enige ooreengekome verlengde tydperk.

**Verslegting van kos – alle risiko.** Die Maatskappy sal betaal vir toevallige verslegting van kos vanweë enige oorsaak maar met uitsluiting van:

1. skade as gevolg van die doelbewuste weerhouding van krag deur 'n voorsieningsowerheid;
2. gevolglike verlies.

Vir inligting naslaandoeleindes. Kan van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

**Eksterne uithangborde, blindings en afdakke.** Skade aan:

1. eksterne uithangborde, blindings, afdakke, tekens en aanwysborde op die Versekerde se perseel wat die eiendom van die Versekerde is of waarvoor hy verantwoordelik is;
2. tekens en aanwysborde wat die Versekerde se bedryf adverteer, die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is wat elders aangebring is as op die Versekerde se perseel

deur enige versekerde gevaar wat as ingesluit aangedui is onder 'n versekerde gebou by die spesifieke perseel op die bylae.

**Lekkasie van drank** uit vaste installasies met inbegrip van die daaropvolgende verlies van die drank.

**Lekkasie van olies en chemikalieë** (in die vorm van vloeistowwe, gasse of dampe) vanuit tenks, pype of apparaat, maar uitgesluit verlies of skade as gevolg van lekkasie weens slytasie of ander geleidelikwerkende oorsake van die tenks, pype of apparate.

Verlies van sodanige olies of chemikalieë sal ingesluit wees in die dekking ingevolge hierdie gevaar met dien verstande dat slegs olies en chemikalieë in tenks, pype of apparate wat 'n integrale deel van die versekerde Eiendom uitmaak, ingevolge hierdie afdeling gedek sal wees.

Indien "eerste verlies" teenoor "lekkasie opsie" in die bylae aangetoon word, word die eweredigheidsvoorwaarde slegs vir die doeleindes van hierdie gevaar wat hierna uiteengesit is, vervang deur die volgende:

"Indien die versekerde Eiendom, by die aanvang van enige skade aan sodanige Eiendom deur lekkasie of ontlading gesamentlik meer werd is as die versekerde bedrag wat direk onder sodanige item in die bylae aangedui is, is die Maatskappy ingevolge hierdie gevaar alleenlik aanspreeklik vir dié deel van die eersteverlies versekerde bedrag wat in die bylae onder hierdie gevaar aangedui is in die verhouding waarin die versekerde bedrag teenoor hierdie item staan tot die totale waarde van sodanige Eiendom en word die Versekerde sy eie versekeraar geag vir die verskil en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, waarop hierdie gevaar van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe."

**Openbare voorsiening van elektrisiteit (algehele of gedeeltelike versuim).** Verlies of skade veroorsaak deur die algehele of gedeeltelike versuim van die openbare voorsiening van elektrisiteit aan die persele van die Versekerde met dien verstande dat hierdie gevaar nie verlies of skade dek nie wat voortspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak is deur:

1. droogte;
2. besoedeling van water;
3. tekort aan brandstof of water;
4. 'n fout in enige deel van die installasie wat aan die persele behoort;
5. die uitoefening deur enige owerheid wat regtens gemagtig is om elektrisiteit te voorsien, van sy reg om die voorsiening te weerhou of te beperk tensy sodanige weerhouding of beperking regstreeks toegeskryf kan word aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid.

Die Maatskappy is nie ingevolge hierdie uitbreiding aanspreeklik nie tensy die onderbreking of belemmering langer as 24 uur duur.

**Verkoelingsgasse.** Die handeling van verkoelingsgasse wat uit die eenheid ontsnap het met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

1. verlies of skade veroorsaak deur die doelbewuste handeling van die verskaffingsowerheid of die uitoefening deur enige verskaffingsowerheid van sy reg om die voorsiening van elektrisiteit en/of gas te weerhou of te beperk tensy sodanige weerhouding of beperking regstreeks toegeskryf kan word aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;
2. gevolglike verlies.

**Diefstal vanuit buitegeboue (kragdadige en gewelddadige toegang tot of verlating van).** Verlies van of skade aan die inhoud van die versekerde buitegebou(e) by die versekerde perseel soos omskryf in die bylae as gevolg van diefstal wat gepaardgaan met kragdadige en gewelddadige toegang tot of verlating van sodanige gebou of enige poging daartoe of as gevolg van diefstal, of enige poging daartoe, wat volg op geweld of

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - Van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

dreigement tot geweld. Vir die doeleindes van hierdie gevaar sal "buitegeboue" beteken die geboue soos omskryf ingevolge punt 1 van die omskrywing van Eiendom.

Hierdie gevaar sluit in skade aan:

1. sodanige buitegeboue wat volg op die kragdadige en gewelddadige toegang of verlating;
2. die eiendom beskryf in punt 5 van die omskrywing van Eiendom veroorsaak onderwyl daar eerstens toegang tot die perseel verkry is alvorens daar by die versekerde buitegeboue ingebreek word of onderwyl dit na die tyd verlaat word.

Gedurende die aanvanklike 30 dae tydperk van onbewoning, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae teenoor "Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van 30 dae)" aangedui is indien enige versekerde geboue of gebou(e) wat die versekerde Eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae of meer onbewoon gelaat word.

Indien die tydperk van onbewoning 30 opeenvolgende dae oorskry, word die versekering ingevolge hierdie gevaar opgeskort vanaf dag 31 ten opsigte van die geraakte Eiendom, tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige kwaadwillige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van versekering in terme van hierdie gevaar. Enige uitbreiding van dekking en die bepalings sal geheel en al na goeddunke van die Maatskappy wees. Indien die Maatskappy sodanige skriftelike toestemming verskaf om die opskorting van dekking tersyde te stel, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos aangedui in die bylae teenoor "Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van meer as 30 dae)" vir enige verlies wat plaasvind gedurende enige ooreengekome verlengde tydperk.

**Diefstal vanuit buitegeboue (nie-kragdadige toegang).** Verlies van of skade aan die inhoud van die buitegeboue by die versekerde perseel soos omskryf in die bylae as gevolg van diefstal of enige poging daartoe. Vir die doeleindes van hierdie gevaar sal "buitegeboue" beteken die geboue soos omskryf ingevolge punt 1 van die omskrywing van Eiendom.

Hierdie gevaar sluit in skade aan die eiendom omskryf ingevolge punt 5 van die omskrywing van Eiendom veroorsaak onderwyl daar eerstens toegang tot die perseel verkry is voor sodanige diefstal of onderwyl dit na die tyd verlaat word.

Gedurende die aanvanklike 30 dae tydperk van onbewoning, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae teenoor "Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van 30 dae)" aangedui is indien enige versekerde geboue of gebou(e) wat die versekerde Eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae of meer onbewoon gelaat word.

Indien die tydperk van onbewoning 30 opeenvolgende dae oorskry, word die versekering ingevolge hierdie gevaar opgeskort vanaf dag 31 ten opsigte van die geraakte Eiendom, tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige kwaadwillige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van versekering in terme van hierdie gevaar. Enige uitbreiding van dekking en die bepalings sal geheel en al na goeddunke van die Maatskappy wees. Indien die Maatskappy sodanige skriftelike toestemming verskaf om die opskorting van dekking tersyde te stel, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos aangedui in die bylae teenoor "Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van meer as 30 dae)" vir enige verlies wat plaasvind gedurende enige ooreengekome verlengde tydperk.

**Diefstal van inhoud (kragdadige en gewelddadige toegang tot of verlating van).** Verlies van of skade aan die inhoud van die versekerde gebou(e) by die versekerde perseel soos omskryf in die bylae, as gevolg van diefstal wat gepaardgaan met kragdadige en gewelddadige toegang tot of verlating van sodanige gebou of enige poging daartoe of as gevolg van diefstal, of enige poging daartoe, wat volg op geweld of dreigement tot geweld. Vir die doeleindes van hierdie gevaar sal "geboue" beteken die geboue soos omskryf onder punt 1 van die omskrywing van Eiendom, maar met uitsluiting van buitegeboue.

Hierdie gevaar sluit skade in aan:

1. sodanige geboue wat volg op die kragdadige en gewelddadige toegang of verlating;
2. die eiendom soos omskryf in punt 5 van die omskrywing van Eiendom veroorsaak onderwyl daar eerstens toegang tot die perseel verkry word alvorens daar by die versekerde geboue ingebreek word of dit na die tyd verlaat word.

Gedurende die aanvanklike 30 dae tydperk van onbewoning, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae teenoor “Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van 30 dae)” aangedui is indien enige versekerde geboue of gebou(e) wat die versekerde Eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae of meer onbewoon gelaat word.

Indien die tydperk van onbewoning 30 opeenvolgende dae oorskry, word die versekering ingevolge hierdie gevaar opgeskort vanaf dag 31 ten opsigte van die geraakte Eiendom, tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige kwaadwillige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van versekering in terme van hierdie gevaar. Enige uitbreiding van dekking en die bepalings sal geheel en al na goeddunke van die Maatskappy wees. Indien die Maatskappy sodanige skriftelike toestemming verskaf om die opskorting van dekking tersyde te stel, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos aangedui in die bylae teenoor “Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van meer as 30 dae)” vir enige verlies wat plaasvind gedurende enige ooreengekome verlengde tydperk.

**Diefstal van inhoud.** Verlies van of skade aan die inhoud van die geboue by die versekerde perseel soos omskryf in die bylae as gevolg van diefstal of enige poging daartoe met dien verstande dat ‘n bestuurder of die eienaar van die gastehuis op die perseel woonagtig is. Vir die doeleindes van hierdie gevaar sal “geboue” beteken die geboue soos omskryf ingevolge punt 1 van die omskrywing van Eiendom, maar uitgesluit buitegeboue.

Hierdie gevaar sluit in skade aan die eiendom omskryf ingevolge punt 5 van die omskrywing van Eiendom veroorsaak onderwyl daar eerstens toegang tot die perseel verkry is voor sodanige diefstal of onderwyl dit na die tyd verlaat word.

Gedurende die aanvanklike 30 dae tydperk van onbewoning, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae teenoor “Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van 30 dae)” aangedui is indien enige versekerde geboue of gebou(e) wat die versekerde Eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae of meer onbewoon gelaat word.

Indien die tydperk van onbewoning 30 opeenvolgende dae oorskry, word die versekering ingevolge hierdie gevaar opgeskort vanaf dag 31 ten opsigte van die geraakte Eiendom, tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige kwaadwillige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van versekering in terme van hierdie gevaar. Enige uitbreiding van dekking en die bepalings sal geheel en al na goeddunke van die Maatskappy wees. Indien die Maatskappy sodanige skriftelike toestemming verskaf om die opskorting van dekking tersyde te stel, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos aangedui in die bylae teenoor “Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van meer as 30 dae)” vir enige verlies wat plaasvind gedurende enige ooreengekome verlengde tydperk.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## Eweredigheid

Indien die versekerde Eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige Eiendom deur enige gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig ’n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

Hierdie voorwaarde sal nie van toepassing wees nie op enige verlies vir die volgende versekerde gevare en uitbreidings:

1. Versekerde gevaar van diefstal van verhuurder se los en vaste toebehore
2. Versekerde gevaar van toevallige skade - Antennas, maste en satellietskottels
3. Versekerde gevaar van toevallige skade – Glas
4. Versekerde gevaar van toevallige skade – Glas van stowe en oonde
5. Versekerde gevaar van toevallige skade – Masjinerie
6. Versekerde gevaar van toevallige skade – Sanitêre ware
7. Visvoorraadbesmetting
8. Skade aan geboue wat nie op hierdie polis verseker is nie (volgende op diefstal van inhoud)
9. Verslegting van kos – Alle Risiko

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

10. Eksterne uithangborde, blindings en afdakke
11. Lekkasie van drank
12. Versekerde gevaar van kragstuwing
13. Uitbreiding vir waterpype

**Versekerde bedrag – Aanspreeklikheid** (omskrewe gebeurtenis 2)

Die maksimum bedrag betaalbaar deur die Maatskappy soos beperk deur die versekerde bedrag in die bylae sal insluitend wees van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige getal eisers van die Versekerde verhaalbaar is en ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die Maatskappy stel nie die Versekerde ingevolge die omskrewe gebeurtenis van Aanspreeklikheid skadeloos ten opsigte van die volgende nie:

1. Besering of Skade wat opgedoen word deur:
   1.1 enige lid van dieselfde huishouding as die Versekerde;
   1.2 enige persoon wat ingevolge 'n diens- of vakleerlingskapkontrak in die Versekerde se diens is, en wat regstreeks ontstaan uit en in die loop van sodanige diens by die Versekerde;
   1.3 enige ander persoon en wat spruit uit die eienaarskap van of die gebruik deur of namens die Versekerde van meganiesaangedrewe voertuie (behalwe trapfietse en grassnyers);
2. Skade aan eiendom
   2.1 wat aan die Versekerde behoort;
   2.2 wat in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde of enige werknemer van die Versekerde is;
   2.3 wat veroorsaak word deur vibrasie of die verwydering of verswakking of versteuring van die stut van enige grond, gebou of ander struktuur;
3. aanspreeklikheid wat volgens 'n ooreenkoms aanvaar word, tensy die Versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;
4. aanspreeklikheid ten opsigte van Besering, Skade of verlies aan die gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie, altyd met dien verstande dat hierdie uitsluiting nie van toepassing is nie waar sodanige deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word (hierdie uitsluiting brei nie die polis uit om enige aanspreeklikheid te dek wat, by die afwesigheid van hierdie uitsluiting, nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie);
5. die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word (hierdie uitsluiting brei nie die polis uit om enige aanspreeklikheid te dek wat, by die afwesigheid van hierdie uitsluiting, nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie);
6. boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;
7. skadevergoeding ten opsigte van uitsprake in die eerste instansie gelewer of verkry in 'n ander hof as 'n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland;
8. regskoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die Versekerde verhaal is en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied wat in 7 hierbo beskryf word nie;
9. aanspreeklikheid wat volg op besering of skade veroorsaak deur of deur middel van of in verband met die bedryf, professie of beroep van die Versekerde (behalwe as eienaar van die gebou).

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

### Alle ander inhoud (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die uitdrukking "inhoud" soos aangedui in die bylae en soos hierin gedefinieer, word uitgebrei om persoonlike besittings, gereedskap en trapfietse in te sluit, die eiendom van die Versekerde of direkteure of werknemers van die Versekerde terwyl dit op die Versekerde se perseel is, maar slegs in die mate waarin sodanige eiendom nie andersins verseker is nie. Die voordeel ingevolge hierdie uitbreiding word vir enige enkele individu beperk tot die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word.

### Alterasies

Hierdie afdeling word nie benadeel deur enige alterasie of wanbeskrywing van okkupasie vanweë strukturele alterasie aan of herstel van die gebou omskryf in punte 1 tot 7 en 9 van die Eiendomsbeskrywing van die versekerde eiendom nie, met dien verstande dat die Maatskappy so gou as prakties moontlik na die gebeurtenis daarvan in kennis gestel word en dat die Versekerde enige addisionele premie vereis, betaal.

### Ontduiking van betaling (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal tot en met die versekerde bedrag betaal per verlies (maar ook beperk in enige enkele versekeringstydperk tot sodanige versekerde bedrag indien meer as een verlies ondervind word – of die twaalf opeenvolgende maande vanaf die intree- of hernuwingsdatum indien hierdie polis deur middel van 'n maandelikse debietorder betaal word) vir verlies van inkomste van die Versekerde waar sodanige verlies voortgespruit het uit die feit dat 'n gas of besoeker van die Versekerde weggeloop het en/of 'n kredietkaart bedrieglik misbruik het en/of die versekerde perseel verlaat het voordat sy/haar rekening vir verblyf en ander dienste deur die Versekerde gelewer, vereffen is, met dien verstande dat:

1. die Versekerde alle redelike pogings aangewend het om sodanige uitstaande betaling in te vorder;
2. die Maatskappy slegs die Versekerde vir die bedrieglike misbruik van 'n kredietkaart sal skadeloos stel indien die finansiële instansie waarvan die kredietkaart bedrieglik misbruik is, weier om die Versekerde te vergoed;
3. die Versekerde enige bedrieglike misbruik van 'n kredietkaart by die betrokke finansiële instelling aanmeld binne 24 uur vanaf ontdekking daarvan deur die Versekerde;
4. die Maatskappy nie dekking sal oorweeg indien die Versekerde nie in staat is om die volgende minimum besonderhede van sodanige gas of besoeker te verstrek nie:
   4.1 Volle voorname en van;
   4.2 Identifikasie- of paspoortnommer;
   4.3 Fisiese adres van permanente woonplek.

### Kapitaaltoevoegings (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling dek verbouings, toevoegings en verbeterings (maar nie waardevermeerdering bo die versekerde bedrag(e) nie) aan of tot die Eiendom vir 'n bedrag van hoogtens die persentasie (soos in die bylae vermeld) van die bedrag waarteen dit verseker is, met dien verstande dat die Versekerde onderneem om die Maatskappy elke kwartaal (of elke maand, indien die premies maandeliks per debietorder betaal word) van sodanige verbouings, toevoegings en verbeterings in kennis te stel en die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

### Koste van sloping (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit die koste in wat noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping van versekerde eiendom en/of die verwydering van puin en die verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings wat vereis word gedurende sloping, terreinopruiming en/of boubedrywighede na skade aan die versekerde Eiendom weens 'n omskrewe gebeurtenis, met dien verstande dat die totale bedrag wat verhaalbaar is, hoogstens die versekerde bedrag op die Eiendom wat geraak word, beloop.

Die Maatskappy betaal nie vir enige koste of uitgawe nie:

1. wat aangegaan word vir die verwydering van puin behalwe vanaf die terrein van sodanige Eiendom wat

Vir interne/adviseursgebruik alleenlik – van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;

2. wat voortspruit uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie ingevolge hierdie polis/afdeling verseker is nie.

## **Kredietkaarte, kredietbewyse en SIM-kaarte (vir gebruik in selfone)** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel tot en met die versekerde bedrag wat deur die Versekerde aangegaan is volgende op die onwettige gebruik deur ‘n persoon, wat nie aan die Versekerde verwant of in diens van die Versekerde is nie, van:

1. kredietkaarte of kredietbewyse wat amptelik deur ‘n kredietinstansie in die Versekerde se naam uitgereik is, met dien verstande dat alle terme en voorwaardes ingevolge waarvolgens die kredietkaarte en kredietbewyse uitgereik is, nagekom is;
2. SIM-kaarte wat in die Versekerde se naam uitgereik is.

## **Skade aan eiendom deur bobbejane** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag (vir enige enkele versekeringstydperk of die twaalf opeenvolgende maande vanaf die intree- of hernuwingsdatum indien hierdie polis maandeliks per debietorder betaal word) en die eerste bedrag betaalbaar soos vermeld in die bylae teenoor hierdie uitbreiding, sal die Maatskappy betaal vir verlies van of skade aan die versekerde eiendom veroorsaak deur die optrede van bobbejane.

## **Skade aan eiendom deur wilde diere (uitgesluit bobbejane)** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag (vir enige enkele versekeringstydperk of die twaalf opeenvolgende maande vanaf die intree- of hernuwingsdatum indien hierdie polis maandeliks per debietorder betaal word) en die eerste bedrag betaalbaar soos vermeld in die bylae teenoor hierdie uitbreiding, sal die Maatskappy betaal vir verlies van of skade aan die versekerde eiendom veroorsaak deur die optrede van wilde diere, maar uitgesluit skade veroorsaak deur bobbejane.

## **Vergoeding vir dood - Versekerde of werknemers** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal vergoeding betaal indien die Versekerde of enige werkenemer van die Versekerde binne negentig dae sterf weens ’n besering opgedoen in die Versekerde se geboue of op die Versekerde se perseel deur brand of aanval deur diewe, met dien verstande dat die Maatskappy se maksimum aanspreeklikheid beperk is tot die bedrae in die bylae vermeld.

## **Vrekte van perde** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal betaal tot en met die versekerde bedrag vermeld in die bylae vir enige enkele gebeurtenis van vrekte van of besering aan perde wat regstreeks die gevolg is van enige versekerde gevare soos ingesluit onder die betrokke perseel op die bylae, hetsy ander versekerde Eiendom terselfdertyd verloor of beskadig word, of nie.

## **Vrekte van Koi-vis** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag (vir enige enkele gebeurtenis) en die eerste bedrag betaalbaar soos vermeld in die bylae teenoor hierdie uitbreiding, sal die Maatskappy betaal vir die vrekte van of besering aan Koi-visse wat aan die Versekerde behoort as ‘n regstreekse gevolg van ‘n versekerde gevaar of weens waterbesoedeling of –besmetting deur chemikalieë of afval.

## **Klousule: Wegdoen met wrakgoedere** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Sonder om die regte van die Maatskappy te verminder om hom in geval van ’n verlies op die bepalings van die algemene voorwaardes te beroep, stem die Maatskappy in om nie enige eiendom wat die onderwerp van ’n eis hierkragtens is sonder die toestemming van die Versekerde te verkoop of andersins daarmee weg te doen nie, mits die Versekerde tot die bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat sy belange sodoende benadeel word in welke geval die Maatskappy instem om die Versekerde die eerste keuse te bied om sodanige eiendom terug te koop teen die billike intrinsieke waarde of markwaarde, wat ook al die grootste is.

Die Versekerde is nie ingevolge die bepalings van hierdie klousule daarop geregtig om enige eiendom aan die Maatskappy prys te gee nie, hetsy die Maatskappy daarvan besit geneem het of nie.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan veranderinge

## Dokumente

Die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge inhoud (indien verseker) met betrekking tot dokumente, manuskripte, sakeboeke, planne, rekenaarstelselopgawes en -media, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms word beperk tot die waarde van die materiaal en die bedraewat aan arbeid bestee word om dit aanvanklik op te stel of om dit weer op te stel, en uitgesluit die waarde van die inhoud of inligtingdaarvan of daarin vir die Versekerde.

## Brandbluskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde Eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees, met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde Eiendom deur die brand bedreig is.

## Voltal (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel tot en met die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word vir koste wat deur die Versekerde aangegaan word wat ontstaan in die geval waar die Versekerde ‘n voltal behaal in rolbal, op ‘n rolbalbaan wat geaffilieer is met ‘n provinsiale unie, in terme van die aanvaarde reëls van rolbal, met dien verstande dat die voltal deur die Versekerde behaal word terwyl hy/sy as ‘n amateur deelneem, in ‘n amptelike kompetisie, as deel van ‘n span van twee, drie of vier, wat ‘n voltal behaal, met al ag of nege balle wat tel. Die voltal moet skirftelik bevestig word deur die sekretaris van die rolbalklub.

## Tuine en watervoorwerpe (indien in die bylae as ingesluitvermeld)

Die Maatskappy betaal vir koste deur die Versekerde aangegaan om landskaptuine en watervoorwerpe te herstel wat beskadig is deur:

1. die versekerde gevare van brand, weerlig, donderslag, ontploffing, aardbewing, weer en water, impak en kwaadwillige beskadiging met dien verstande dat sodanige versekerde gevare in terme van die betrokke perseel op die bylae as ingesluit aangedui is;
2. die bedrywighede van enige nooddiens(te) by die versekerde perseel as gevolg van sodanige versekerde gevaar.

## Waterverhittingstoestelle, waterhouers, watertenks, waterapparate of waterpype (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die bars en ander toevallige skade aan bogenoemde eiendom (hierna in hierdie uitbreiding en in die bylae genoem waterverhittingstoestelle) van die Versekerde, wat in die geboue en strukture soos in die bylae vermeld, geïnstalleer is en deel vorm daarvan, met dien verstande dat:

1. hierdie uitbreiding dek nie verlies veroorsaak deur strukturele foute, gebrekkige ontwerp of swak vakmanskap van die bogenoemde eiendom nie;
2. slegs waterverhittingstoestelle wat verklaar en in die bylae vermeld is, is ingevolge hierdie uitbreiding gedek;
3. slegs waterpype wat gekoppel is aan en binne 1 meter van die versekerde waterverhittingstoestel, waterhouer, watertenk of waterapparaat, geleë is, is ingevolge hierdie uitbreiding gedek;
4. die Spesifieke Voorwaarde van eweredigheid word vir die doeleindes van hierdie uitbreiding herbewoord om te lees:

   “Indien die werklike aantal waterverhittingstoestelle wat bestaan by die aanvang van enige bars- of ander toevallige skade aan sodanige Eiendom, meer is as die aantal waterverhittingstoestelle wat in die bylae vermeld word, dra die Versekerde ‘n eweredige deel van die verlies in die verhouding waarin die aantal wat in die bylae vermeld word, staan tot die werklike aantal wat bestaan. Elke gebou wat waterverhittingstoestelle bevat wat in terme van hierdie uitbreiding verseker is en elke tipe waterverhittingstoestel, indien meer as een in die bylae vermeld word, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.”

## Instandhouding van waterverhittingstoestel (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om dekking te verskaf vir die koste van herstel of vervanging van foutiewe elemente, termostate of kleppe.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## Goedere in die ope (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande uitsluiting 8 van die gevaar vir Weer en Water, sal die Maatskappy betaal vir skade aan goedere in die ope wat veroorsaak word deur ‘n versekerde gevaar.

## Kolhou (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel tot en met die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word vir koste wat deur die Versekerde aangegaan word in die geval waar die Versekerde ‘n kolhou slaan in gholf, op ‘n erkende gholfbaan, in terme van die aanvaarde reëls van gholf met dien verstande dat die kolhou deur die Versekerde behaal word terwyl hy/sy as amateur deelneem aan 'n amptelike spel/toernooi, en skriftelik bevestig deur die sekretaris van die gholfklub.

## Prysaanpassingsklousule (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Om voorsiening te maak vir prysaanpassing, word die versekerde bedrae van die versekerde Eiendom, soos aangedui in die bylae, outomaties soos volg verhoog:

**Gedurende die versekeringstydperk:** Gedurende die versekeringstydperk (of die twaalf agtereenvolgende maande vanaf die intree- of hernuwingsdatum indien hierdie polis nie ‘n jaarlikse kontrak is nie), word die versekerde bedrag(-e) verhoog met daardie deel van die persentasie soos in die bylae teenoor “Eerste jaar %” gespesifiseer as die verhouding wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperk. Tensy anders ooreengekom, is hierdie voorbehoudsbepalings slegs van toepassing op die versekerde bedrag(-e) wat ten tyde van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.

**Na die versekeringstydperk:** Indien, opvolgend tot ‘n eis, enige herstel of herstelproses aan die versekerde eiendom nie afgehandel is teen die einde van die versekeringstydperk nie, sal verdere inflasiekoste wat opgeloop word wat buite die beheer of invloed van die Versekerde tot en met finale herstel of vervanging afgehandel is, deur die Maatskappy gedek word soos hieronder uiteengesit:

**Tweede jaar %:** Indien in die bylae vermeld, sal die versekerde bedrag wat gedurende die versekeringstydperk, waarbinne die eis plaasgevind het, bestaan het (soos verhoog deur die bepalings wat hierbo uiteengesit is onder “gedurende die versekeringstydperk”), verder verhoog word deur die persentasie in die bylae teenoor “Tweede jaar %” gespesifiseer.

**Derde jaar %**: Indien in die bylae vermeld en indien die herstel of vervanging nie afgehandel is na die verstryking van 12 maande na die versekeringstydperk waarbinne die eis plaasgevind het nie, sal die versekerde bedrag soos verhoog deur die “Tweede jaar %”, verder verhoog word deur die persentasie in die bylae teenoor “Derde jaar %” gespesifiseer.

**Vierde jaar %:** Indien in die bylae vermeld en indien die herstel of vervanging nie afgehandel is na die verstryking van 24 maande na die versekeringstydperk waarbinne die eis plaasgevind het nie, sal die versekerde bedrag soos verhoog deur die “Derde jaar %”, verder verhoog word deur die persentasie in die bylae teenoor “Vierde jaar %” gespesifiseer.

**Vyfde jaar %:** Indien in die bylae vermeld en indien die herstel of vervanging nie afgehandel is na die verstryking van 36 maande na die versekeringstydperk waarbinne die eis plaasgevind het nie, sal die versekerde bedrag soos verhoog deur die “Vierde jaar %”, verder verhoog word deur die persentasie in die bylae teenoor “Vyfde jaar %” gespesifiseer.

By elke hernuwingsdatum moet die Versekerde die Maatskappy in kennis stel van die bedrag(-e) wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en enige veranderde persentasies ten opsigte van inflasiebeskerming. By versuim daarvan sal die versekerde bedrag(-e) dieselfde bly soos wat dit in die vorige versekeringstydperk van toepassing was asof die inflasieverhogings in terme van hierdie klousule nie toegepas is nie.

## Aanspreeklikheid (van toepassing indien Aanspreeklikheid as ingesluit aangedui word)

1. Indien meer as een Versekerde in die bylae vermeld word, stel die Maatskappy elke Versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige Versekerdes ontstaan word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy nie verhoog word bó die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word nie.
2. Met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy nie verhoog word bó die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word nie, stel die Maatskappy ook, asof ’n afsonderlike polis aan elkeen uitgereik is, die volgende skadeloos:

2.1 in geval van die dood van die Versekerde, enige persoonlike verteenwoordiger van die Versekerde ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die Versekerde opgeloop is;

2.2 enige vennoot of direkteur of lid of werknemer van die Versekerde (indien die Versekerde dit verlang) teen enige eis waarvoor die Versekerde op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is.

3. Algemene uitsluiting 1 word slegs ten opsigte van die Aanspreeklikheid omskrewe gebeurtenis geskrap en deur die volgende vervang:

   "Die omskrewe gebeurtenis van Aanspreeklikheid dek nie besering, skade of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie."

4. Indien, ten tyde van enige voorval wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge die omskrewe gebeurtenis van Aanspreeklikheid, skadeloosstelling ingevolge enige ander versekering verskaf word, dra die omskrewe gebeurtenis van Aanspreeklikheid nie saam met enige ander versekering by nie, behalwe met betrekking tot enige oorskryding bó die bedrag wat deur sodanige ander versekering betaalbaar is.

5. Nieteenstaande Spesifieke uitsluiting 3, indien die Versekerde (as die eienaar van die persele wat in die bylae gespesifiseer word) ingevolge 'n kontrak met 'n sekuriteitsfirma werknemers van sodanige firma in diens geneem het om die Versekerde se eiendom indie loop van die besigheid van die Versekerde vermeld in die bylae of persone te beskerm, regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens by hierdie persele, sluit die omskrewe gebeurtenis van Aanspreeklikheid sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevolge hierdie omskrewe gebeurtenis verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge 'n dienskontrak by die Versekerde, en nie die sekuriteitsfirma nie, in diens was maar slegs tot hoogstens die versekerde bedrag vermeld in die bylae teenoor Aanspreeklikheid.

   Indien die sekuriteitsfirma ten tyde van die plaasvind van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, is die Maatskappy nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

## **Verlies van water** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy betaal tot hoogstens die versekerde bedrag vir heffings wat deur 'n plaaslike owerheid neergelê word vir water wat verloor is deur lekkasie uit pype op die Versekerde se eiendom, met dien verstande dat:

1. die verbruikslesing minstens 50 persent meer moet wees as die gemiddeld van die voorafgaande vier lesings;
2. die Versekerde onmiddellike stappe moet doen om die lekkende pyp(e) by ontdekking van ´n lek te herstel (deur fisiese bewyse of by ontvangs van ´n buitengewone hoë waterrekening).

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

1. die koste van die opspoor en herstel van die lekkende pype;
2. meer as twee afsonderlike voorvalle binne enige tydperk van twaalf maande;
3. verlies van water:

   3.1 as gevolg van lekkende krane, waterverhittingstoestelle of toiletstelsels;

   3.2 uit swembadstrukture of invloei- of uitvloeipype daarvan;

   3.3 terwyl die eiendom vir 'n tydperk van meer as 60 agtereenvolgende dae onbewoon is.

## **Mediese uitgawes** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van alle redelike uitgawes wat deur die Versekerde aangegaan word vir sodanige onmiddellike mediese behandeling soos wat nodig mag wees ten tyde van 'n ongeluk wat Besering aan enige persoon veroorsaak, wat die onderwerp van 'n eis vir skadeloosstelling deur die Versekerde is in terme van die omskrewe gebeurtenis van "Aanspreeklikheid" van hierdie afdeling.

## **Geld en seëls** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die uitsluiting wat verband hou met geld en seëls in punt 8 van die omskrywing van Eiendom word geskrap en dekking word verskaf vir geld en seëls in terme van hierdie uitbreiding, met dien verstande dat:

1. Inhoud as verseker aangedui is ingevolge hierdie afdeling;
2. Geld en seëls sal beteken kontant, bank- en valutanote, tjeks, posorders, poswissels, geldige

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

verhandelbare posgeld, inkomste- en vakansiebetalingseëls, kredietkaartstrokies en dokumente, sertifikate of ander middele van ‘n verhandelbare aard, die eiendom van die Versekerde of waarvoor hulle verantwoordelik is.

## Verbandhouer

Die belang van enige verbandhouer in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige optrede of versuim aan die kant van die verbandgewer wat sonder die verbandhouer se medewete geskied nie. Die verbandhouer moet die Maatskappy egter daarvan verwittig sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die Maatskappy aanvaar word.

## Munisipale plan ondersoekgelde (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit munisipale plan ondersoekgelde in, met dien verstande dat die totale bedrag wat ingevolge enige item verhaalbaar is, hoogstens die versekerde bedrag ten opsigte van die versekerde Eiendom wat aldus geraak word, beloop.

## Persoonlike besittings van gaste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy betaal tot en met die versekerde bedrag soos in die bylae vermeld, vir die verlies of skade wat veroorsaak word deur ’n versekerde omskrewe gebeurtenis ten opsigte van persoonlike besittings en huishoudelike goedere (uitgesluit geld en enige middele van ’n verhandelbare aard) wat aan gaste behoort, maar uitgesluit:

1. sodanige persoonlike besittings en huishoudelike goedere wat nie gehou word nie in ’n gebou wat op die versekerde perseel geleë is;
2. sodanige persoonlike besittings en huishoudelike goedere wat andersins deur enige ander versekering gedek is.

## Verhindering van toegang (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien eiendom gedurende die versekeringstydperk binne ’n radius soos in die bylae vermeld, vanaf die persele vermeld in die bylae verloor of beskadig word as gevolg van ’n versekerde gevaar en dit verhinder of belemmer die gebruik van of toegang tot die Eiendom wat kragtens hierdie afdeling verseker word, betaal die Maatskappy vir enige verlies aan huurgeld wat die Versekerde as gevolg daarvan ly tot hoogstens die persentasie (soos in die bylae teenoor “Versekerde bedrag (%)” vermeld) van die versekerde bedrag van toepassing op die geraakte Eiendom. Die berekening van die verlies aan huurgeld word gegrond op die huurgeld betaalbaar onmiddellik voor die verlies of skade of die gelykstaande huurgeldwaarde daarvan.

## Professionele fooie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge die versekerde Eiendom sluit professionele gelde in, insluitende maar nie beperk nie tot argiteks- en bourekenaarsgelde (vir beramings, planne, spesifikasies, bestekopnames, tenders en toesig) wat noodsaaklikerwys aangegaan word om die versekerde Eiendom te herstel of te vervang ná skade weens ’n versekerde gevaar, maar in geen geval oorskry dit die persentasie soos aangedui in die bylae van die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige skade nie, en met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens die versekerde bedrag van die Eiendom wat geraak word, beloop.

Die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige gelde sluit nie onkoste in wat aangegaan is in verband met die voorbereiding van die Versekerde se eis nie.

## Vereistes van openbare owerhede (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit sodanige bykomende herstel- of herbouingskoste in wat ten opsigte van die beskadigde Eiendom aangegaan word, alleenlik weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies wat opgestel is ingevolge enige wet van die parlement of ordonnansie van enige provinsiale, munisipale of ander plaaslike owerheid, met dien verstande dat:

1. die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding verhaalbaar is, nie die volgende insluit nie:
   - 1.1 die koste wat aangegaan word ter voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies
     - 1.1.1 ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie klousule toegestaan is;
     - 1.1.2 ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie;
     - 1.1.3 ingevolge waarvan kennis aan die Versekerde gegee is voordat die skade plaasgevind het;

Vir intermediêrsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

1.1.4 ten opsigte van onbeskadigde Eiendom, onbeskadigde dele van die Eiendom, behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word by hierdie versekering) van dié deel wat beskadig is;

1.2 die bykomende koste wat nodig sou gewees het om die beskadigde Eiendom te herstel tot 'n toestand wat gelyk is aan sodanige eiendom se toestand toe dit nuut was, indien die noodsaaklikheid om aan enige van die bogenoemde regulasies te voldoen nie ontstaan het nie;

1.3 die bedrag van enige tarief, belasting, heffing, ontwikkelings- of ander uitgawe of aanslag wat uit waardevermeerdering voortspruiten wat betaalbaar mag wees ten opsigte van die Eiendom of deur die eienaar daarvan weens voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies;

2. die herstel- of herbouwerk moet met redelike spoed begin en uitgevoer word en dit mag in die geheel of gedeeltelik op 'n ander terreinuitgevoer word (indien bogenoemde regulasies dit vereis), onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie klousule nie daardeur verhoog word nie;
3. indien die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge enige item van hierdie afdeling, afgesien van hierdie klousule, verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling, die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie klousule ten opsigte van enige sodanige item in dieselfde verhouding verminder word;
4. die totale bedrag wat verhaalbaar is ingevolge enige item van hierdie afdeling, hoogstens die bedrag beloop wat daarvolgens verseker is.

## **Hooftoevoerverbindings** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit- en telekommunikasieverbindings, die eiendom vandie Versekerde of waarvoor hy regtens verantwoordelik is tussen die versekerde Eiendom en die hooftoevoerverbindingspunte, te dek.

## Spoorweg- en ander subrogasie

Die Versekerde word nie benadeel nie deur die ondertekening van Transnet se besteldiensvrywaring insake gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame.

## Herstelwaardevoorwaardes

Ingeval die Eiendom beskadig word, is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word, die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met Eiendom van dieselfde soort of aard maar nie beter of omvangryker nie as die versekerde Eiendom toe dit nuut was, met dien verstande dat,

1. die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat vir die Versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer word, anders word geen betaling gedoen bó en behalwe die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie herstelwaardevoorwaarde nie hierby ingelyf was nie;
2. totdat uitgawe deur die Versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die Eiendom, die Maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaardes nie hierby ingelyf was nie;
3. indien, op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel as die hele versekerde Eiendom beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige skade aan sodanige Eiendom deur 'n omskrewe gebeurtenis, die Versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies moet dra. Elke item van hierdie afdeling (indien daar meer as een is) waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe;
4. hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is nie, en die bedrag betaalbaar sal terugkeer na die redelike markwaarde, indien:

   4.1 die Versekerde versuim om binne ses maande vanaf die datum van skade of sodanige verdere tydperk as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat, die Maatskappy in kennis te stel van sy voorneme om die Eiendom te vervang of te herstel;

   4.2 die Versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die Eiendom op dieselfde of 'n ander terrein te vervang of te herstel.

## **Huur** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)



Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Verlies aan huurgeld weens die feit dat die versekerde Eiendom sodanig beskadig word (deur enige van die gespesifiseerde gevare wat in die bylae as "ingesluit" vermeld is) dat dit onverhuurbaar is (insluitend gedeeltelik onverhuurbaar), maar slegs vir die tydperk wat vir vervanging nodig is (en vir 'n bedrag van hoogstens die persentasie soos vermeld in die bylae teenoor "Versekerde bedrag (%)") van die bedrag waarteen die geraakte Eiendom verseker is. Die berekeningsgrondslag is die huurgeld wat betaalbaar is onmiddellik voor die skade of die ekwivalent daarvan in huurwaarde.

## Tydelike verhoging van die versekerde bedrag (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekerde bedrag(e) vir inhoud onder hierdie afdeling word jaarliks oor langnaweke, gedurende feeste en skoolvakansies verhoog met die persentasie wat in die bylae aangedui word, gegrond op die amptelike provinsiale skoolkalender.

## Tydelike verwydering (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Behalwe in die mate waarin dit andersins verseker is, word die versekerde Eiendom wat deur die Versekerde besit word, gedek terwyl dit tydelik verwyder word:

1. na enige ander perseel, insluitende transito per pad, spoor of binnelandse waterweg op enige plek binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek, met dien verstande dat:
   - 1.1 tensy sodanige tydelike verwydering gedoen is vir die doeleindes van skoonmaak, opknapping, herstel of soortgelyke proses, sal die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens die persentasie (soos vermeld in die bylae) beloop van die toepaslike geboue se versekerde bedrae;
   - 1.2 die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, hoogstens die bedrag is wat betaalbaar sou gewees het indien die skade op die deel van die perseel plaasgevind het waarvandaan die eiendom tydelik verwyder is.
   - 1.3 hierdie uitbreiding nie motorvoertuie dek nie;
   - 1.4 hierdie uitbreiding nie dekking bied vir Eiendom wat in trust of op kommissie gehou word nie.
2. en onderwyl dit gehou word binne enige ander geokkupeerde privaat woning of gebou waarin die Versekerde tydelik woonagtig is;
3. na die gebou van enige kantoor, besigheid of waar die Versekerde werksaam is;

altyd met dien verstande dat diefstal of enige poging daartoe (indien aangedui as 'n versekerde gevaar wat ingesluit is) vanuit enige gebou wat in hierdie uitbreiding gemeld word, nie gedek is nie tensy sodanige diefstal (of enige poging daartoe) gepaardgaan met inbreek in of uit sodanige gebou deur middel van werklike, sigbare en kragdadige middele.

## Huurders

Die Maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die Versekerde word nie geraak deur enige optrede of versuim aan die kant van enige huurder (behalwe die Versekerde) wat sonder die Versekerde se medewete geskied nie. Die Versekerde moet die Maatskappy egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsluitings of voorwaardes van hierdie afdeling in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die Maatskappy aanvaar word.

## Vervoer van kruideniersware en huishoudelike goedere (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal hoogstens die versekerde bedrag betaal in verband met verlies van of skade aan kruideniersware en huishoudelike goedere wat die Versekerde na die aankoop daarvan volgens 'n redelike direkte roete na die Versekerde se woning vervoer.

## Traumabehandeling – Algemeen (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal hoogtens die versekerde bedrag betaal vir enige gebeurtenis vir uitgawes aangegaan, wat nie andersins gedek is nie, vir traumabehandeling deur 'n geregistreerde professionele berader indien enige gas van die Versekerde behandeling nodig het weens kaping, diefstal, brand of geweld of gedreigement van geweld wat in die Versekerde se geboue of op die Versekerde se perseel plaasvind.

Vir interne maatskappygebruik alleenlik - Van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## **Veeartsuitgawes** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal betaal tot en met die versekerde bedrag in die bylae aangedui vir veeartsuitgawes wat aangegaan word as gevolg van toevallige liggaamlike besering opgedoen deur enige troeteldier (uitgesluit diere wat aangehou word vir privaat slagdoeleiendes of vir kommersiële gebruik) wat aan die Versekerde behoort en wat voortspruit uit 'n ongeluk waarby 'n motorvoertuig betrokke is.

## **Waterpype** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die bars en ander toevallige skade aan waterpype, die eiendom van die Versekerde, wat by die geboue of strukture soos in die bylae vermeld, geïnstalleer is en deel vorm daarvan met dien verstande dat:

1. hierdie uitbreiding nie strukturele foute, gebrekkige ontwerp, swak vakmanskap, slytasie of geleidelike agteruitgang dek nie (insluitende die geleidelike werking van lig of klimaats- of atmosferiese toestande) van enige waterpyp(e);
2. slegs waterpype verder as 1 meter van die versekerde waterverhittingstoestel, waterhouer, watertenk of waterapparaat is ingevolge hierdie uitbreiding gedek.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge